

## PRESS STATEMENT BY THE MINISTER OF FINANCE

(13th September, 1965)

**T**HE Government has during the past months been engaged in relieving the inflationary pressure on the economy, without restricting economic development in a considerable measure. With this purpose in mind, certain monetary and other steps have already been taken. There are indications that these measures are now beginning to show their effect, but the danger exists that they may be neutralised if the expenditure of money by public authorities, as well as the private sector, is not kept in check and its public or private expenditure is financed in an inflationary way. The Government has accordingly taken the following decisions:

*Firstly*, the Government itself would make a serious endeavour to cut its expenditure during the coming months, especially in regard to capital works. Every State department will revise its budget with a view, where possible, to cut or postpone its expenditure, or to spread it over a longer period. In drafting their budgets for the next financial year, all departments will exercise the utmost caution to include only the most urgent services. Furthermore, all important tenders for Government purchases will be considered by a special Cabinet Committee before they are issued by the Tender Board.

*Secondly*, the Government has had talks with the Administrators of the provinces and obtained their whole-hearted co-operation to curtail the expenditure of funds by their Administrations in a similar way. Steps are being taken to ensure that the curtailment of local expenditure is carried out by them as proportionately as possible. It is also necessary to emphasise that it would frustrate the whole purpose if savings, as a result of the above steps are returned to the expenditure stream in another way. As far as possible, such funds should be frozen until it becomes opportune again to appropriate for necessary works.

Consultations have also been held with representatives of the most important municipalities and the Government expects the local authorities to cut their expenditure and, where possible, to postpone or extend over a longer period capital works. A detailed circular has been addressed to all local authorities.

The Government will also convey its policy to the most important public utility companies and state corporations and also expects to receive their cooperation, to cut, where possible, their capital expenditure or to postpone it temporarily.

Naturally, certain capital works, as for instance in regard to railways and housing, can for economic or social reasons simply not be postponed, but then it still remains important that these necessary works be financed in a non-inflationary way, namely from current savings. The Government has accordingly decided to issue a long-term (20 years) loan at an interest rate of 6 per cent on 15th October. The Government has had discussions with representatives of life insurance companies and pension funds and makes an earnest appeal to these and other financial institutions to subscribe to this loan. Financial institutions have a duty toward the national economy as well as a direct interest in the prevention of inflation and the Government trusts that they will respond to this appeal and support the State loan in a considerable measure. The interest rate is, by the way, the highest ever offered for a State loan in South Africa and the term is particularly suitable for institutions seeking a fixed interest rate over a long period such as insurance companies and pension funds.

An appeal is also made on large private organisations who have substantial funds at their disposal, rather not to proceed with large projects at this stage but, instead to subscribe to State loans and in this way help it campaign against inflation. It is in their own interest, as well as in national interest, that the private sector helps to cut down internal expenditure until further notice.

In essence, the present inflationary pressure is the result of an attempt to do too much in too short a space of time; in other words, South Africa lives above its means.

It is therefore very important that we all spend less and save more. Rates of interest on savings deposits and so forth, are today very favourable and the public can help themselves as well as the national economy by saving to a greater extent. With the view to encouraging saving through the Post Office Savings Bank, rates of interests on saving deposits will be increased to 4 per cent per annum from 1st October, while a new series of national saving certificates will soon be issued at a very favourable rate of interest.

The problem of inflation is serious, but it can be solved soon and with the least inconvenience if everybody works together in the direction indicated above. If this happens, it may prove unnecessary to take more drastic steps later. The Government will contribute its share and trusts that it can rely upon the co-operation of other bodies, private as well as in the public sector.

## KWARTAALLIKSE EKONOMIESE OORSIG

### OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS

- (1) Terwyl die verloop van sekere belangrike ekonomiese aanwysers gedurende Julie en Augustus die indruk wat reeds eerder verkry is, naamlik dat die hoogkonjunktuur meer gelyk begin verloop, bevestig het, het die totale kapitaal- en verbruiksuitgawes gedurende hierdie tydperk oormatig hoog gebly en was daar voorasnog geen aanduidings van 'n betekenisvolle afname in of die binnelandse inflasionistiese druk of die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans nie.
- (2) Die invoer het geneig om tot effens onder die hoogtepunt wat gedurende die tweede kwartaal bereik is, te daal. Maar aangesien die uitvoer van handelsware ook ietwat verminder het, het die lopende rekening gedurende Julie en Augustus 'n tekort getoon wat, indien dit teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarlikse koers bereken word, selfs nog groter was as dié van die tweede kwartaal. Die uitwerking van hierdie volgehoue tekort op die amptelike goud- en buitelandse valutareserwes is egter grotendeels deur aansienlike trekkings op offisiële buitelandse lenings en deur 'n groot netto invloeiing van private kapitaal, wat hoofsaaklik uit korttermynfondse bestaan het, geneutraliseer.
- (3) Alhoewel die inflasionistiese neigings in die volkshuishouding nog steeds deur 'n klimaat van oorvloedige likwiditeit aangewakker is, was daar gedurende Julie en Augustus tekens dat die verskillende beperkende monetêre maatreëls wat vroeër getref is, begin het om enigsins 'n uitwerking te hê. Die diskonterringe en voorskotte van die handelsbanke het byvoorbeeld, nadat dit gedurende Julie ver-

der gestyg het, gedurende Augustus in werklikheid ietwat gedaal.



- (4) Die deposito's van die Sentrale Regering by die Reserwebank het gedurende die derde kwartaal 'n verdere daling getoon, veral in September. Dit het hoofsaaklik 'n afname in die skatkissaldo weerspieël as gevolg van 'n oorskot van totale Regeringsuitreikings oor-onvangste en 'n netto aflossing van staatskuld.
- (5) Die toestand op die kapitaalmark het gedurende Julie en Augustus verder vernou en verdere opwaartse druk is op middel- en langtermynrentekoerse uitgeoefen. In Julie het daardie bouverenigings wat dit nie vroeër reeds gedoen het nie, hul verbandkoerse tot  $7\frac{1}{2}$  persent verhoog, en op 16 Augustus het die Reserwebank sy stel koerse op staats-effekte met  $\frac{1}{2}$  persent verhoog, waardeur die koers op effekte met 'n looptyd van meer as  $10\frac{1}{2}$  jaar op 6 persent te staan gebring is.
- (6) Verskeie invoerbeperkings waardeur nie slegs verbruiksgoedere nie maar ook kapitaalgoedere en grondstowwe geraak word, is in Augustus ingestel met die doel om, wyd vertolk, die ander maatreëls wat daarop gemik is om die oormatige monetêre vraag te verminder, aan te vul. Dit is in September gevolg deur 'n aankondiging deur die Minister van Finansies van maatreëls om die kapitaalbesteding van nie net die Sentrale Regering nie maar ook van die Proviniale Administrasies en die groter munisipaliteite, aan bande te lê. Verder is ook besluit om in Oktober 'n twintigjaar Regeringslening teen 'n koers van 6 persent uit te skrywe.

## ALGEMENE BESIGHEIDSTOESENDE

In die Reserwebank se Jaarlikse Ekonomiese Verslag wat gedurende Augustus gepubliseer is, is aangetoon dat terwyl sekere belangrike ekonomiese aanwysers soos die verkoop van motorvoertuie, vaste eiendomstransaksies en nywerheids- en handelsaandelepryse gedurende die eerste helfte van 1965 of meer gelyk verloop het, of begin daal het, het die volgehoue druk van die totale monetêre vraag op prysen en die betalingsbalans voortgeduur en wou dit inderdaad voorkom asof die druk gedurende die tweede kwartaal van 1965 groter was as gedurende die eerste kwartaal. Die beperkte inligting wat sedertdien beskikbaar gekom het, en wat hoofsaaklik op Julie en Augustus betrekking het, dui aan dat die algemene ekonomiese bedrywigheid gedurende hierdie twee maande geneig het om horisontaal op 'n hoë vlak te beweeg en dat terwyl sekere individuele ekonomiese aanwysers ietwat verder gedaal het, die totale kapitaal- en verbruiksuitgawes uitermate hoog gebly het. Met ander woorde, terwyl die „boom“ voortgegaan het om tekens van 'n meer gelyke verloop te toon, was daar tot nog toe geen bewys van 'n aansienlike afname in of die inflasionele druk of die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans nie.

### PRYSE


Die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks ( $1958 = 100$ ) het gedurende Julie en Augustus met 'n verdere 0.6 punte tot 114.7 gestyg, nietestaande die feit dat voedselprysse gedurende die tydperk as geheel geen verdere styging getoon het nie. 'n Ietwat kleiner toename het in die seisoensaangesuiwerde groothandelsprysindeks voorgekom, naamlik vanaf 110.8 in Junie tot 111.0 gedurende Julie. Hierdie styging weerspieël hoofsaaklik prysstygings in Suid-Afrikaanse, gestel teenoor ingevoerde goedere.



## BETALINGSBALANS

### *Voortgesette tekort op lopende rekening*

Ná uitskakeling van die seisoensinvloed was die invoer gedurende Julie en Augustus ongeveer gelyk aan 'n jaarlikse koers van R1,820 miljoen, vergeleke met R1,680 miljoen gedurende die eerste kwartaal, en R1,960 miljoen gedurende die tweede kwartaal. Die invoer het, met ander woorde, slegs effens afgeneem en nog steeds op 'n oormatig hoë peil gebly. Terselfdertyd het die goedere-uitvoer, ná uitskakeling van die seisoensinvloed, ietwat afgeneem tot 'n jaarlikse koers van R980 miljoen gedurende Julie en Augustus, terwyl die netto goudproduksie slegs effens toegeneem het. Die gevolg was dat, nadat vir netto onsigbare betalings voorsiening gemaak is, die tekort op die lopende rekening, ná uitskakeling van die seisoensinvloed en geneem teen 'n jaarkoers, gedurende hierdie twee maande rofweg gelyk was aan R480 miljoen, vergeleke met R188 miljoen gedurende die eerste kwartaal en R420 miljoen gedurende die tweede kwartaal.



### *Netto invloeiing van kapitaal*

Terwyl die lopende rekening verder versleg het, het die kapitaalrekening van die betalingsbalans 'n netto invloeiing van offisiële en private kapitaal gedurende Julie en Augustus getoon van soveel as R78 miljoen (met inbegrip van weglatings en foute in die betalingsbalansramings). Offisiële en bankkapitaal het 'n netto invloeiing van ongeveer R29 miljoen getoon, wat trekkings van ongeveer R11 miljoen deur die Regering op lenings van Amerikaanse banke en van ongeveer R7 miljoen deur die Reserwebank op 'n lening van 'n buitelandse bankinstelling, ingesluit


het. Hierdie lenings het die totale trekkings op offisiële lenings sedert die begin van die jaar op R63 miljoen te staan gebring.

Die netto invloeiing van *private* kapitaal het ongeveer R49 miljoen gedurende dié twee maande bedra. Netto aankope deur buitelanders van Suid-Afrikaanse effekte op die Johannesburgse Effektebeurs was vir ongeveer R3 miljoen van hierdie syfer verantwoordelik, terwyl die res hoofsaaklik bestaan het uit bewegings in korttermynfondse wat verband hou met Suid-Afrika se buitelandse handel, asook kredietfasilitete wat plaaslike ondernemings van hulle buitelandse geassosieerde maatskappye bekom het.

### *Goud- en buitelandse valutareserwes*

As gevolg van hierdie onderskeie betalingsbalansneigings het die totale goud- en buitelandse valutareserwes, wat deur die Reserwebank, die handelsbanke en die Regering gehou word, slegs met ongeveer R7 miljoen gedurende die twee maande afgeneem tot R337 miljoen aan die einde van Augustus. Daar moet egter opgelet word dat, aangesien hierdie vermindering in die koers van afname in die reserwes nie in enige betekenisvolle mate toe te skryf is aan of 'n afname in die invoer of 'n toename in die uitvoer nie, maar hoofsaaklik die gevolg is van 'n netto invloeiing van korttermyn offisiële en private kapitaal, dit nog nie as sulks enige basiese ommeswaai van die neigings, sover dit die betalingsbalans betref, aangedui het nie.

Tussen die einde van Augustus en 24 September het die Reserwebank se goud- en buitelandse valutareserwes met R1 miljoen afgeneem, maar



dit is nie op hierdie stadium moontlik om vas te stel in hoeverre hierdie neiging om gelyk te verloop weer die gevolg was van 'n invloeiing van korttermyn kapitaal en/of in watter mate dit 'n verbetering in die lopende rekening verteenwoordig het nie.

## MONETÈRE EN BANKTOESTAND

### Geld en kwasi-geld

Alhoewel die hoeveelheid geld en kwasi-geld in die hande van die private sektor gedurende Julie met ongeveer R38 miljoen gedaal het, het dit aan die einde van Julie tog nog op die betreklik hoë syfer van R2,906 miljoen gestaan, wat beteken het dat die inflasie en die betalingsbalansmoeilikhede nog deur 'n klimaat van oorvloedige likwiditeit aangehelp is.

### Handelsbanke

Die totale diskonteringe en voorskotte van handelsbanke, wat gedurende die twaalf maande tot Junie 1965 met R302 miljoen gestyg het, het in Julie verder toegeneem met R20 miljoen. Van hierdie toename was voorskotte aan die Landbank verantwoordelik vir R12 miljoen, in vergelyking met R13 miljoen gedurende die hele tweede kwartaal.



## DISKONTERINGE EN VOORSKOTTE VAN HANDELSBANKE

|                    | Toename (R miljoene) |
|--------------------|----------------------|
| 2de kwartaal 1964  | + 97                 |
| 3de kwartaal 1964  | + 57                 |
| 4de kwartaal 1964  | +104                 |
| 1ste kwartaal 1965 | + 96                 |
| 2de kwartaal 1965  | + 44                 |
| Julie 1965         | + 20                 |

Gedurende Augustus is daar egter volgens voorlopige aanduidings in werklikheid 'n afname van omstreeks R20 miljoen in die diskonteringe en voorskotte van handelsbanke aangeteken, waarvan voorskotte aan die Landbank vir ongeveer R13 miljoen verantwoordelik was.

Hoofsaaklik as gevolg van die trapsgewyse verhoging sedert Maart van die minimum likwiditeitsverhoudings vir handelsbanke tot op die maksimum van 40 en 30 persent van kort- en middeltermynverpligtings onderskeidelik, het die *oorskot* likwiede bates van die banke bowendien teen die einde van Julie tot R38 miljoen of 1.9 persent van hul totale verpligtings teenoor die publiek afgereënem, in vergelyking met R159 miljoen of 8.4 persent van sodanige verpligtings aan die einde van Maart. Gedurende dieselfde tydperk het die „ander voorgeskrewe beleggings” van die banke ook vanaf R71 miljoen of 3.7 persent van hul totale verpligtings teenoor die publiek tot R53 miljoen of 2.7 persent van hierdie verpligtings gedaal. Teen die einde van Julie is die vermoë van die banke om deur verdere uitbreiding van hul diskonteringe en voorskotte nog verdere geld te skep dus ten minste tydelik aansienlik verminder.


### Aksepbanke, diskontohuise en die Nasionale Finansiekorporasie

In die geval van die aksepbanke dui gegewens vir Julie op sowel 'n verdere toename, van R6 miljoen tot 'n peil van R170 miljoen, in aksep-fasiliteite toegestaan as op 'n styging in hul besit aan aksepte van R3 miljoen tot R38 miljoen. Die deposito-verpligtings van die aksepbanke het met R8 miljoen tot 'n nuwe hoogtepunt aan 'n maandeinde van R116 miljoen toegeneem.

Deposito's by die diskontohuise en die Nasionale Finansiekorporasie het aan die einde van Augustus 1965 R259 miljoen bedra, vergeleke met R260 miljoen 'n jaar tevore. Die bedrag aan aksepte wat deur die diskontohuise aangehou is, wat aan d'e einde van Junie vir die eerste maal aan die einde van 'n maand R100 miljoen oorskry het, het tot R78 miljoen aan die einde van Augustus gedaal.

### Huurkoop-, algemene en spaarbanke

Die nege „monetêre bankinstellings”<sup>1</sup> wat as huurkoop- of algemene banke geregistreer is, het gedurende die tweede kwartaal van 1965 'n daling in deposito's van R17 miljoen ondervind, vergeleke met 'n toename van R62 miljoen gedurende die eerste kwartaal. Hul totale diskonteringe en voorskotte, wat gedurende die eerste kwartaal met R30 miljoen toegeneem het, het gedurende die tweede kwartaal met R4 miljoen verminder. Die oorblywende 35 huurkoop-, algemene en spaarbanke het 'n toename van R3 miljoen in deposito's getoon en hul diskonteringe en voorskotte gedurende die tweede kwartaal met 'n soortgelyke bedrag uitgebrei.



Sodanige gegewens as wat ten opsigte van Julie vir die nege monetêre bankinstellings waarna hierbo verwys is, beskikbaar is, dui op 'n geringe verdere afname van ongeveer R3 miljoen in hul deposito-verpligtings en op 'n toename van ongeveer R16 miljoen in totale diskonteringe en voorskotte.

### Reserwebank

Die totale diskonteringe, voorskotte en beleggings van die Reserwebank het vanaf R226 miljoen aan die einde van Junie 1965 tot R207 miljoen aan die einde van Augustus gedaal, hoofsaaklik as gevolg van 'n afname in krediet wat aan die diskontohuise en die Nasionale Finansiekorporasie verleen is. Die bedrag aan Landbankwissels wat vir die Landbank verdiskonter is, het aangehou om te styg.

### Korttermynrentekoerse

Die skatkiswissel-tenderkoers het slegs 'n geringe

verdere styging vanaf 4.02 persent op 2 Julie 1965 tot 4.24 persent op 24 September getoon. Soos voorheen het dit hoofsaaklik verband gehou met die afname in die Reserwebank se goud- en buitelandse valutareserwes waaroor die verdere afname in Regeringsdeposito's by die Reserwebank van tyd tot tyd vergoed het.


Depositokoerse het tot op 26 Julie vasgeper gebly op die peile wat in Maart vasgestel is, waarna twee nuwe soorte depositokoerse toegelaat is, naamlik van  $5\frac{3}{4}$  persent op deposito's van 24 maande of langer maar minder as 36 maande, en van 6 persent op deposito's van 36 maande of langer.

Teen die einde van Augustus het die verskil tussen die skatkiswissel-tenderkoers en die opbrengskoers op langtermyn staatseffekte, wat aan die einde van 1964 minder as  $1\frac{1}{2}$  persent bedra het, tot net meer as  $1\frac{3}{4}$  persent toegeneem.

### STAATSFINANSIES

Sentrale Regeringsdeposito's by die Reserwebank, handelsbanke en diskontohuise wat reeds vanaf R172 miljoen aan die einde van Junie 1964 tot R79 miljoen aan die einde van Junie 1965 gedaal het, het ietwat verder tot R75 miljoen aan die einde van Augustus afgeneem, ondanks die seisoenstoename in inkomstebelastingsontvangste gedurende hierdie tydperk. Dit is gevvolg deur 'n skerp verdere, gedeeltelik seisoenale, afname tot R19 miljoen op 24 September.

Soos in die tweede kwartaal, het die dalende tendens in Regeringsdeposito's gedurende Julie en Augustus hoofsaaklik 'n afname in die Skatkissaldo weerspieël wat die gevolg was van 'n oorskot van *totale* Regeringsuitrekings oor -ontvangste en 'n netto aflossing van staatskuld.



<sup>1</sup> „Monetere bankinstellings“ omvat, ooreenkomsdig die Regulasies onder die nuwe Bankwet, die Reserwebank, die Nasionale Finansiekorporasie, diskontohuise, handelsbanke, aksepbanke en daardie ander bankinstellings wie se korttermynverpligtings minstens R500,000 bedra en wat om daardie rede verplig word om 'n minimumsaldo by die Reserwebank aan te hou.

## KAPITAALMARK

Die stram kapitaalmarktoestande wat gedurende die tweede kwartaal van 1965 geheers het, het gedurende die derde kwartaal voortgeduur en verdere opwaartse druk is op kapitaalmarkopbrengkoerse in die algemeen uitgeoefen.

### *Aandelepryse en opbrengskoerse*

Die indeks van nywerheids- en handelsaandelepryse ( $1958 = 100$ ) het verder gedaal vanaf 241 in Junie tot 235 in Julie. Die prysindeks van goudmynaandele ( $1958 = 100$ ) het hoofsaaklik as gevolg van die stimulus wat deur buitelandse aankope voorsien is, tot 151 in Augustus gestyg, vergeleke met 123 in September 1964, toe die opwaartse neiging die eerste keer ontstaan het. Nitemstaande die prysbeweging, het die gemiddelde opbrengs op goudmynaandele egter tot 7.2 persent in Augustus toegeneem, wat gelyk aan die ooreenstemmende syfer vir September 1964 was en hoofsaaklik hoër dividendbetalings deur goudmynmaatskappye weerspieël het.


### *Verdere opwaartse druk op die koerse op prima-effekte*

In die mark vir prima-effekte het 'n volgehoue opwaartse druk op opbrengskoerse tot 'n verdere toename van  $\frac{1}{2}$  persent op 16 Augustus geleei in die stel koerse wat deur die Reserwebank vir transaksies in staatseffekte gekwoteer word, wat die koers op effekte met 'n looptyd van meer as  $10\frac{1}{2}$  jaar op 6 persent te staan bring het. Vergelyk met hierdie peil van 6 persent, het 'n plaaslike owerheid en 'n openbare korporasie gedurende Augustus openbare lenings teen 'n nominale rentekoers van  $6\frac{1}{2}$  persent op die mark geplaas wat 'n opbrengs van 6.74 persent op 'n looptyd van 15 jaar en 6.66 persent op 'n looptyd van 20 jaar beteken het. Die verskil tussen die effektiewe opbrengskoerse tot vervaldatum op staatseffekte en ander prima-effekte het dus in Augustus naby aan  $\frac{3}{4}$  persent gekom.

### *Bouverenigings*

Die bouverenigings het gedurende Julie en Augustus onder volgehoue druk verkeer. Hulle totale middele het 'n verdere toename van ongeveer R12 miljoen getoon wat die netto resultaat was van toenames van R12 miljoen en R5 miljoen onderskeidelik in hulle kapitaal en spaardeposito's en 'n afname van R5 miljoen in hulle vaste deposito's. Dit was egter nie voldoende om hulle in staat te stel om volkome aan die abnormale

sterk vraag na hulle verbandlenings te voldoen nie, selfs nadat hulle likwiede bates en ander beleggings nog verder gelikwideer is. Desnieteenstaande, het hulle totale uitstaande verbande en ander lenings nogtans met soveel as R22 miljoen gedurende Julie en Augustus toegeneem, vergeleke met R42 miljoen en R48 miljoen onderskeidelik gedurende die eerste en tweede kwartale van 1965.



In 'n poging om hulle middele te vergroot, het baie verenigings hulle koerse op spaardeposito's tot die wetlike grens van 4 persent verhoog. Tesame met die feit dat hulle kommissie teen die wetlike maksimum koers op nuwe fondse betaal en relatief meer geld in die vorm van aandelekapitaal en relatief minder in die vorm van deposito's aangetrek het, het dit noodwendig die gemiddelde koste van hulle fondse laat toeneem en in Julie 1965 is selfs die groter verenigings uiteindelik gedwing om hulle verbandkoerse tot  $7\frac{1}{2}$  persent te verhoog, soos voorheen deur andere gedoen is.

## ONLANGSE BELEIDSMAATREËLS

Hoewel die monetêre maatreëls wat vroeër in die jaar ingestel is, vir redes uiteengesit in die Reserwebank se Jaarlikse Ekonomiese Verslag, stadig was om 'n uitwerking te hê, was daar gedurende die derde kwartaal tekens dat hulle begin het om 'n enigsins beperkende invloed uit te oefen. So het, soos eerder gemeld, die voorskotte en diskonteringe van die handelsbanke (uitsluitende krediet verleën aan die Landbank) slegs 'n klein stygging in Julie getoon, gevolg deur 'n matige afname in Augustus. Verder, hoewel krediet verleent deur ander monetêre bankinstellings opmerklik gedurende Julie gestyg het, het dit 'n duidelike neiging om gelyk te verloop gedurende die tydperk April tot Julie as 'n geheel getoon.

Met die oog op die volgehoudende hoë peil van invoer en die dalende reserwes het die Minister van Ekonomiese Sake nietemin op 16 Augustus aangekondig dat invoerbeheer op die volgende maniere verskerp sou word:

Eerstens, ten einde voorrade van grondstowwe te verminder, sal die uitreiking van invoerasilente aan die industrie vir die invoer van sodanige grondstowwe in die toekoms gebaseer word op ongeveer vier maande se verbruik in plaas van ses maande se verbruik soos voorheen. Voorrade van voertuie en komponente in die motornywerheid wat oortollig begin word het, sou ook tot 'n meer redelike peil verminder word.

Tweedens sal sorgvuldiger gelet word op die uitreiking van invoerpermitte vir kapitaaltoerusting en, soos in die geval van grondstowwe, sal van invoerders verwag word om hul behoeftes sover doenlik uit plaaslike bronne te bevredig.

Derdens sal aansoeke vir die vestiging van nuwe fabrieke of vir grootskaalse uitbreidings, meer krities deur die Nuwe Nywerhede-komitee beoordeel word, veral in daardie gevalle waar die betrokke nuwe fabriek tot 'n groot mate op ingevoerde grondstowwe staatmaak of andersins slegs 'n relatiewe klein bydrae tot die land se buitelandse reserwes sal maak.

Vierdens sal bestaande nywerhede wat goedere van 'n minder essensiële aard vervaardig en wat op 'n groot proporsie ingevoerde goedere staatmaak, op hul 1964 invoerpeil vasgepen word—in die meeste gevalle 'n redelik hoë peil.

Dit is op 25 Augustus gevolg deur 'n aankondiging in verband met die invoer van verbruiks-

goedere waarin die Minister verklaar het dat dieselfde beginsel toegepas sal word as wat van toepassing is op grondstowwe en toerusting vir die nywerheid, naamlik dat strenger invoerbeheer toegepas word in gevalle waar voorrade in die land so ruim is dat 'n inkorting daarvan geen nadelige uitwerking op die volkshuishouding of op die ekonomiese bedrywighede van die betrokke sektor sal hê nie. Met hierdie doel voor oë sal meeste van die goedere wat op die „Vrylys” verskyn voortaan ook onderhewig aan invoerbeheer wees. Verder is 'n klein aantal handelsartikels na die „Beperkte Lys” oorgeplaas aangesien hulle of in aansienlike mate plaaslik geproduceer word of nie op 'n groot skaal ingevoer hoef te word nie. Terselfdertyd is die basis waarop algemene verbruiksgoedere-permitte ingebruik kon word vir goedere op die „Beperkte Lys” gewysig van twee rand vir een rand na drie rand vir een rand. Die toeewing om die eerste R5,000 op die basis van een vir een om te ruil sal egter gehandhaaf word.

Met betrekking tot daardie soorte verbruiksgoedere ten opsigte waarvan normaalweg 'n derde-ronde permituitgifte gemaak word, het die Minister besluit dat, aangesien dit wil voorkom asof voorrade daarvan op 'n redelike hoë peil is, geen derde-ronde uitreiking hierdie jaar gemaak sal word nie.

Benewens hierdie invoerbeperkings wat in die breëre sin beoog het om die ander maatreëls wat daarop gemik is om die oormatige monetêre vraag te verminder, aan te vul, het die Minister van Finansies op 13 September die volgende fiscale beleidsmaatreëls aangekondig:<sup>1</sup>

(1) Eerstens sou die Regering self trag om sy uitgawes gedurende die komende maande te verlaag, veral op kapitaalwerke, en alle belangrike tenders vir Regeringsaankope sou eers deur 'n spesiale Kabinetskomitee beoordeel word voordat dit na die Tenderraad gaan.

(2) Tweedens het die regering die heelhartige same-werking van die Provinciale Administrateurs verky om die uitgawes van die Administrasies in bedwang te hou. Samesprekings is ook met die belangrikste munisipaliteite gevoer, en die Regering verwag dat hulle op hulle uitgawes sal besnoei. Op dieselfde wyse is die Regering van voorneme om die belangrikste openbare korporasies te nader en verwag om hulle same-werking te kry.

<sup>1</sup> Die volledige teks van die Minister se verklaring verskyn op bladsy xxiii van hierdie Kwartaalblad.

Derdens, waar die Regering aanvaar dat sekere kapitaalwerke, soos dié van die Spoorweë asook behuising, om ekonomiese en sosiale redes nie uitgestel kan word nie, besef hy die belangrikheid daarvan om hierdie noodsaaklike werke op 'n nie-inflasionistiese wyse te finansier. Met dit in gedagte is besluit om 'n twintigjaarlening op 15 Oktober teen 'n koers van 6% uit te skryf, die hoogste koers tot dusver op 'n Regeringslening in Suid-

Afrika. Die Minister het ook die hoop uitgespreek dat lewensversekeringsorganisasies, pensioenfondse en ander finansiële instellings, hierdie lening in nasionale belang sal ondersteun. Hy het verder 'n beroep op private organisasies met aansienlike fondse tot hul beskikking gedoen om die Regeringslening te ondersteun eerder as om met groot nuwe kapitaalprojekte op hierdie stadium voort te gaan.

NOTA.—Aandag word op die nuwe tabelle vir handelsbanke, wat op bladsye 4 (a) tot 4 (d) verskyn, gevestig.

*Indekse — Seisoensveranderings uitgesluit (1958 = 100)*

|  | 1964    |         |         | 1965     |         |      |
|--|---------|---------|---------|----------|---------|------|
|  | 2de Kw. | 3de Kw. | 4de Kw. | 1ste Kw. | 2de Kw. | Jul. |
| Bankdebiteringe                              | 213     | 204     | 204     | 222      | 234     | 232  |
| Diskonteringe en voorskotte van handelsbanke | 152     | 164     | 182     | 194      | 201     | 204  |
| Effektebeursomset                            | 357     | 271     | 250     | 239      | 200     | 201  |
| Nywerheidsproduksie                          | 159     | 163     | 165     | 168      | 169     | ---  |
| Waarde van goudproduksie                     | 177     | 183     | 188     | 185      | 189     | 190  |
| Waarde van invoer                            | 135     | 145     | 152     | 148      | 173     | 158  |
| Waarde van uitvoer                           | 132     | 127     | 138     | 131      | 129     | 110  |
| Spoorweginkomste                             | 148     | 149     | 153     | 158      | 159     | 161  |
| Waarde van kleinhandelsverkope               | 125     | 131     | 134     | 132      | 135     | ---  |
| Waarde van eiendomtransaksies                | 214     | 233     | 251     | 241      | 209     | ---  |
| Waarde van bouplanne goedgekeur              | 185     | 209     | 219     | 273      | 245     | 220  |
| Werkgeleenheid:                              |         |         |         |          |         |      |
| Private fabriekswese                         | 127     | 130     | 132     | ---      | ---     | ---  |
| Private konstruksie                          | 122     | 125     | 127     | ---      | ---     | ---  |
| Mynwese                                      | 111     | 112     | 112     | 109      | 111     | ---  |
| Werkloosheid                                 | 81      | 73      | 66      | 63       | 58      | 58   |

## PERSVERKLARING DEUR DIE MINISTER VAN FINANSIES

(13 September 1965)

**DIE** Regering is al vir etlike maande besig om geleidelik die inflasione druk op die ekonomie te verlig sonder om ekonomiese ontwikkeling in 'n te hoë mate te demp. Met hierdie doel is sekere monetêre en ander stappe reeds gedoen. Daar is tekens dat hierdie maatreëls hul uitwerking nou begin toon, maar die gevaar bestaan dat hulle geneutraliseer kan word indien die besteding van geld deur openbare owerhede sowel as deur die private sektor nie in toom gehou word nie en indien openbare of private kapitaaluitgawes op 'n inflasione manier gefinansier word. Gevolglik het die Regering die volgende besluite in hierdie verband geneem:

*Eerstens* sal die Regering self ernstige pogings aanwend om sy besteding, veral op kapitaalwerke, gedurende die volgende maande te verminder. Elke staatsdepartement sal sy begroting hersien ten einde sy uitgawes waar moontlik te besnoei, uit te stel, of oor 'n langer tydperk uit te rek. By die opstel van hul begrotings van uitgawes vir die volgende boekjaar sal alle departemente die uiterste versigtigheid uitoefen om slegs die dringendste dienste in te sluit. Verder sal alle belangrike tenders vir staatsaankope deur 'n spesiale kabinetskomitee oorweeg word alvorens hulle deur die Tenderraad uitgereik word.

*Tweedens* het die Regering samesprekings gevoer met die Administrateurs van die Provincies en hul heelhartige samewerking verkry om die besteding van fondse deur hul administrasies op soortgelyke wyse in toom te hou. Stappe word gedoen om te sorg dat die inkorting van binnekantse besteding so eweredig moontlik deur hulle uitgevoer kan word. Dit is ook nodig om te beklemtoon dat dit die hele doel sou verydel indien besparings as gevolg van bogenoemde stappe op 'n ander wyse in die bestedingstroom teruggevoer sou word. Sover moontlik moet sodanige fondse bevries word totdat die tyd geleë is om hulle weer vir noodsaklike werke aan te wend.

Samesprekings is ook met verteenwoordigers van die vernaamste munisipaliteite gevoer en die Regering verwag van alle plaaslike owerhede om hul uitgawes te besnoei en om hul kapitaalwerke waar moontlik uit te stel of uit te rek. 'n Gedetailleerde skrywe word aan plaaslike owerhede gerig.

Die Regering sal sy beleid ook aan die vernaamste openbare nutsmaatskappye en staatskorporasies oordra en verwag ook om hul samewerking te verkry om, waar moontlik, hul kapitaalbesteding te besnoei of tydelik uit te stel.

Vanselfsprekend kan sekere kapitaalwerke, soos

byvoorbeeld ten opsigte van spoorweë en behuising, om ekonomiese of maatskaplike redes eenvoudig nie uitgestel word nie, maar dan is dit nog belangrik dat hierdie noodsaklike werke op 'n nie-inflasione manier, dit wil sê uit lopende besparings, gefinansier word. Die Staat het gevoleklik besluit om 'n langtermyn (twintig jaar) lening op 15 Oktober uit te reik teen 'n rentekoers van 6%. Die Regering het samesprekings gevoer met die verteenwoordigers van lewensversekeringsmaatskappye en pensioenfondse en doen 'n ernstige beroep op hierdie en ander finansiële instellings om hierdie lening te steun. Finansiële instellings het 'n p'ig teenoor die landsekonomie sowel as 'n regstreekse belang by die voorkoming van inflasie en die Regering vertrou dat hulle hierdie beroep in ag sal neem en in 'n aansienlike mate vir die nuwe staatslening sal inskryf. Die rentekoers is terloops die hoogste wat ooit vir 'n staatslening in Suid-Afrika aangebied is en die termyn is besonder geskik vir instellings wat 'n vaste rentekoers oor 'n lang tydperk verlang, soos byvoorbeeld assuransiemaatskappye en pensioenfondse.

'n Beroep word ook op groot private instansies gedoen wat aansienlike bedrae geld tot hul beskikking het om liever nie in hierdie stadium met groot nuwe kapitaalprojekte voort te gaan nie, maar eerder vir staatslenings in te skryf om sodoende die veldtog teen inflasie aan te help. Dit is in hul eie sowel as in landsbelang dat die privaatsektor mee help om binnelandse besteding in te kort tot nader kennisgewing.

In wese is die huidige inflasione druk te wyte aan 'n poging om te veel te doen binne 'n te kort tydsbestek; met ander woorde Suid-Afrika leef bokant sy vermoë. Dit is dus baie belangrik dat ons almal minder moet uitgee en meer moet bespaar. Rentekoerse op spaardeposito's ens. is vandag baie gunstig en die publiek kan hulself sowel as die landsekonomie help deur in groter mate te bespaar. Ten einde besparings in die Posspaarbank aan te moedig, sal die rentekoerse op spaardeposito's vanaf 1 Oktober tot 4% per jaar verhoog word, terwyl 'n nuwe reeks Nasionale Spaarsertifikate teen 'n baie gunstige rentekoers binnekort uitgereik sal word.

Die probleem van inflasie is ernstig, maar dit kan spoedig en met die minste ongerief opgelos word indien almal saamwerk in die rigtings wat hierbo aangedui word. As dit gebeur, kan dit onnodig blyk om later meer drastiese stappe te doen. Die Regering sal sy deel bydra en vertrou dat hy op die samewerking van ander instansies, beide in die privaat- en in die openbare sektor, sal kan staatmaak.